# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

**Mei 2018**
Jaargang 34 Nr 2



## Inhoudsopgawe

1. Brief van die Redaksie

**Skip in die hawe**

2. Staan Thabazimbi gemeente se skip in die hawe? - Daleen Venter
3. Hoe bely ek my sonde? - Daleen Venter
4. Moet ek maandelikse geldelike bydrae maak? - Ingestuur Louis Scheepers
5. Make me a TV - Ingestuur Anna Scheepers
6. Kerklike betrokkenheid by omgewingsake –Ingestuur Ds. Boy

**Skip Koerant- Gemeente nuus**

7. Ds. DirkLaufs - Regorogile
8. Koekies bak
9. Verjaarsdae - Kitty van der Walt
10. Gska Nuusbrokkies
11. Attestate - Kitty van der Walt
12. In Herinnering –Ria Venter
13. Diakonie-Kobus van der Walt

**Kreatiewe waters**

14. Skippies vir partytjies- Erica Erasmus
15. Maak jou eie papier skip- Erica Erasmus
16. Doppermark – Wegneem etes
17. Advertensie –Red

**Kry die gratis weergawe van die Ramshoring Webblad www.gktbz.co.za**

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

**Redaksioneel**

Daar is iets aan skepe wat meeste mense fassineer. Skepe word dikwels simbolies gebruik om beelde uit te dra. Lees in hierdie uitgawe hoe ons as Gemeente ons skip kan laat uitvaar op die oop see. Ons lees oor hoe ons versuim om ons tiende te gee nie net God se huis beroof nie maar ook ons eie huise verarm. Ons het ‘n mooi storie in engels wat in gestuur is deur Tannie Anna Scheepers oor hoe ons kinders ons aandag nodig het. Ons het ‘n nuttige bydrae tot omgewingsake. Ons lees ook lekker aan die gemeente nuus. Van koekies bak tot die besoek aan Regorogile. Daar is oulike skepe wat kinders uit papier kan vou asook oulike skepe wat uit kos gemaak kan word. Die Ramshoring is propvol inligting wat ons kreatiewe en geestelike kant kan voed. Dit is my gebed dat elke een wat hierdie uitgawe lees die dringende roep van die Heilige Gees sal voel om elke aspek van hulle lewe oor te gee aan God. Om God nie net in die oggend en aand te aanbid nie maar met alle gedagtes tydens ete en werk, oefen en speel. Om na Hom te vlug wanneer jy bekommerd is, moeg is, bang is, depressief is, hartseer is. Om jou hart te ondersoek en alles wat jy liewer het as God se kettings neer te gooi. Dat jy God se opinie oor jou doen en late meer sal vrees as mense se opinie. Mag hierdie uitgawe jou dring om na die vrede wat die Woord ons beloof te soek met alles in jou.

Die Redaksie

Daleen Venter



# Skip in die Hawe

‘N SKIP IN DIE HAWE

IS BAIE MOOI MAAR ‘N SKIP IS

NIE GEMAAK OM IN DIE HAWE TE

BLY NIE



## Staan Thabazimbi gemeente se skip in die hawe?

Hierdie prentjie is simbolies van ons gemeente. Ons skip staan in die hawe . Ons het alles vir die reis reg. Gereed om te vertrek maar ons aandag word so afgelei deur ander dinge dat ons vergeet om die reis aan te pak.

Dit is dikwels in die lewe so dat ons so fokus op onbenullighede dat ons nie dit wat belangrik is doen nie. Daar kan verskeie redes wees. Ons is dalk nie seker **waarna toe ons oppad** is nie. Of ons voel nie ons het **die regte toerusting** om die reis aan te pak nie. Dit mag dalk wees dat ons net te **bang** is om die reis aan te pak.


**Wat gebeur op 'n skip?**

Op 'n skip is daar net een in bevel. Die **Kaptein.** Almal moet vir hom luister. Hy maak die belangrike besluite . Hy het die regte persone in plek om spesifieke take uit te voer vir 'n suksesvolle reis. Hy maak seker dat elke een volgens sy of haar gawe of ambag weet wat om te doen. Die kombuis span moet bv. genoeg kos hê vir die reis, die regte proses moet gevolg word om te sorg dat alles vars en higiënies bly om siektes te voorkom. Die bemanning aan boord het elke een sy spesifiek taak om te doen sodat die skip veilig kan reis. Almal werk dus **as 'n span saam om die Skip op die oop see te stuur.**

As jy dalk dink die **Kaptein** van die skip is die predikant maak jy 'n groot fout. Die **Kaptein** van die skip is **God.** As ons dink ons is op 'n passasiersboot waar niemand die kaptein ken nie en elke een net doen wat vir hom lekker is…gaan ons net 'n dag of wat uit die hawe vaar en weer anker by 'n eiland om maar lui lekker in die son te bak. Ons gaan dalk 'n paar vriende maak om die tyd te verwyl maar geen hegte bande smee nie. Ons gaan kyk wat kan ons alles uit hierdie reis kry vir onsself.



Ons gaan ander onder ons sonbrille deur beloer en fluister oor hul swembroek keuses, hul lyf tipe, hul halfkaal lyfies in bikini's begeer en die gratis drankies aanbid.




**Op watse Tipe skip is jy?**

***Op 'n plesier boot ken niemand die kaptein. Op 'n oorlogskip ken almal die kaptein.***



As jy God ken as die Kaptein van jou lewe sal jy weet dat jy op 'n oorlogskip is.Jy sal weet presies waarna toe jy op pad is, jy sal weet watse bemaningslid vir watse werk nodig is. Jy sal

geen een veroordeel wat saam jou hierdie reis aanpak nie want

**JY IS IN DIESELFDE BOOITJIE** as hulle. Jy sal nie onnodige stryery hê met ander oor die tipe kos, of hoe elke een besluit om sy take uit te voer nie. Want elke een sal weet hy is aangestel **volgens sy vaardigheid en hy doen sy taak doelgerig**. Elke een se fokus is die selfde as die ander een want almal weet waarheen hul op pad is. Elke een weet dat die ander op hul staat maak om hul deel te doen. Sodoende loop alles glad op die skip dat wanneer die storms waarvoor almal bang is kom…elke een sal weet wat om te doen, sal blitsig reageer op die **kaptein** se bevele. Wanneer die skip op die oop see is en 'n storm hom tref bekommer die sjef hom nie of die een wat die seile moet span sy werk doen nie. Nee hy maak seker hy doen sy eie werk deeglik.

**Hoekom staan die skip nog in die hawe?**

Ek wonder maar net oor ons gemeente. Ons kyk na die skip wat steeds in die hawe staan. Sommiges van ons lui lekker langs die swembad van die skip..ander afgeklim op die dok. Ons kyk en ons soek rede hoekom 'n perfekte skip nie die hawe verlaat nie. Ons sien ons Kerk is in die moeilikheid en ons blameer almal behalwe onsself.

Wanneer gaan ons besef dat dit nie die mense is wat die kerk verlaat het wat maak dat die skip nie seil nie? Dat dit nie die oumense is wat maak dat die skip soos 'n dooie in die hawe lê nie? Dat dit nie die jeug is wat net agter opwinding aan is wat die skip rem nie? Dat dit nie die susters is wat "clicks" vorm wat maak dat die skip nie die oop see sien nie? Dat dit nie is omdat die diakens nie hul werk doen dat die skip sonder kos is nie? Dat dit nie die ou is wat die Doppermark reël wat maak dat die skip se voorraad spens leeg is nie? Dat dit nie die dominee is wat sy sokkies moet optrek wat maak dat die skip nie weet waarna toe om te gaan nie?



## Maar dat dit onsself is.

Paulus skryf in **Romeine 2v3** aan die Romeinse gemeente wat GOD ken. JESUS aangeneem het:

**" Maar jy, mense, wat ander veroordeel wat sulke dinge doen, en jy doen dit self, verbeel jy jou dat jy aan die oordeel van God sal ontkom? (Afr 83)**

**Romeine 2v5: Maar as jy aanhou om in die sonde rond te lê, moet jy geen genade van Hom verwag nie. Hy weet baie goed hoe jy lewe. (DB)**

**Romeine 2v 13: Moenie dink dat God mense van hul sondes vryspreek bloot net omdat hulle gereeld na die wet luister nie. Nee Hy spreek net daardie mense vry wat alles doen wat die wet sê. (DB)**



**Hoe oortree ek vandag nog God se gebod?**

**Hoekom loop ons Kerk leeg?**

Ons Kerk loop leeg omdat die matrose nie hul werk doen nie. En ek praat nie van koekies bak of hulp by die Doppermark nie. Ek praat van dit wat die **Kaptein** van jou verwag. Hoe lief het jy die **Kaptein?** Wanneer jy emosioneel af is waar kry jy jou kos? In die yskas? In die drankwinkel? Voor die TV? Op Facebook? In die gym? In 'n pille houertjie? Ons kinders? Het jy God liewer as hierdie dinge? God sê Hy is '**n jaloerse** God. Hy sal jou **voed**. Alle ander gode voed jou net vir oomblikke maar daarna is jy leër as ooit. Wanneer gaan ek besef dat ek so leeg is omdat ek my kos soek by dinge wat my nie kan voed nie maar my verhonger? **Wat natuurlik maak dat die skip in die hawe bly want honger matrose is niks werd op die oop see nie.**

Laster ons God se naam deur 'n valse beeld as Christene te dra? Maak ek God goedkoop deur Hom net te gebruik wanneer dit sosiaal aanvaarbaar is? Die laster waarvan ons lees in die wet van God het beslis nie te doen met die uitroep van God se naam soos ons dikwels op die Tv hoor nie. Die Israeliete het soveel respek vir die Naam van God gehad dat hulle nie eers Sy naam uitgespreek het nie. Hierdie laster is om God te gebruik in situasies waar dit voordelig is en uit te los in situasies waar Hy van geen nut kan wees. **'n Bemannings lid met verdeelde lojaliteit is 'n groot risiko op 'n Skip.**

Hoe lyk jou kerkbywoning? Gaan jy net kerk toe omdat die kinders katkisasie toe moet gaan? Of vrees jy onheil as jy nie gaan nie? Gaan jy kerk toe om te kyk wat kan jy daaruit kry? Gaan jy nie kerk toe nie want daar is iets wat harder roep as God se stem? **'n Bemannings lid wat nie sy waarde besef en sy vaardighede ten volle gebruik nie is dooie gewig op 'n Skip**. Ons behoort Kerk toe te gaan omdat ons weet



ons is geroep om iets vir die gemeente te beteken. Indien ons so 'n houding het sal ons nie by die Kerk uitstap en sê : Ek het vandag niks hier gekry nie.

Hoe behandel jy jou ouers? Praat jy neerhalend van hulle? Eer vir jou ouers lê nie net in woorde nie want God sien ons hart. **Gesag moet baie duidelik verstaan word op 'n Skip**. As jy nie gesag kan respekteer nie (ongeag of hul dit verdien of nie)is jy 'n **gevaar vir die ander bemanning.** God vereis nie van jou om owerhede, leiers, predikante, ouderlinge, ouers , onderwysers te respekteer wanneer hulle dit verdien nie. God verwag van jou om hulle te eer **omdat Hy dit so wil hê**. Wanneer ons ander eer ongeag of hulle dit verdien staan ons onder die seën van God.

Vermoor jy jou werkgewer, jou vrou, jou kinders, jou buurman met die lem van jou tong? Skiet jy jou vrou se selfbeeld in flarde met jou onbedagte kritiek oor haar lyf? Kap jy jou man se ego flenters met jou neerhalende woorde voor ander? Vermoor jy jou kinders se self-vertroue met doelbewuste onthouding van aandag en liefde? **Dooie bemanningslede beteken niks op n skip nie. Al sleep jy hulle elke Sondag saam. En 'n moordenaar word oorboord gegooi.**

Loop jy en wonder of jy ooit die regte man getrou het? Was daar nie iemand beters wat jy mis gekyk het nie? As ek maar net met 'n vrou getroud was wat 'n mooi lyf het? As die stil Man wat so mooi met sy vrou praat net my man kon gewees het? Staan jy op jou knieë voor die sweep van pornografie verslawing? Slaap jy buite jou huwelik wat God vir jou bestem het rond? Fisies of dalk net in jou gedagtes? Op 'n Wêreld se skip is 'n los vroutjie hier en bietjie pornografie daar nie so erg nie maar op God se skip gaan 'n dwalende oog jou **'n een oog seeman maak.**

Steel jy dit wat God vir jou gegee het met gierigheid? Ja jy het reg gehoor. God voorsien aan jou finasiële behoeftes. Steel jy Sy geld deur jou gierige behoeftes te bevredig met dinge wat jy nie nodig het nie? Te veel klere wat jy nooit dra? Die nuutste en duurste toestelle wat net staan? Druk jy jouself so ver in die skuld omdat jy ook 'n Toyota wil ry ? Gebruik jy die geld wat God se huis moet versorg vir brassery en verslawings? **'n Matroos wat selfs net 'n broodjie uit die kombuis steel wat hom nie toekom nie, word gegesel.**

Praat jy groot oor dinge wat nie werklik so gebeur het nie? Blaas jy jou beeld op in ander se oë onder 'n vals masker van nederigheid? Onthul jy net die halwe waarheid oor dinge omdat jy te skaam is dat ander jou ware self moet sien? Praat jy dalk met 'n gesplete tong..om alle kante gerus te stel? **Wanneer jy nie op iemand se woord kan staat maak nie is jy van bitter min nut vir die Kaptein.**

Is jy ontsteld elke keer as jy jou buurman se nuwe kar sien? Wens jy dat jy ook so gemaklike lewe soos party ander mense kon hê? Of kyk jy verlangend in die Mall na al die mooi vrouens wat jy nie kan kry nie? Kan jy nie jou gedagtes van jou buurman se stukkie grond af kry wat jy eendag gaan koop as jou Skip in kom nie? Kyk jy met begeerte na 'n ander vrou se man wat so goed is vir haar en wens hy was joune? Is jy jaloers op jou suster se verhouding met haar kinders? **'n Matroos wat nie tevrede is met dit wat hy het nie stook maklik ander op om teen die Kaptein te rebelleer.**

**Ons gebruik God se genade as verskoning om te sondig.**

Staan ons Skip steeds in die hawe omdat ek en jy nie verantwoordelikheid wil vat vir ons eie sonde nie?



In Sondag 2 leer ons van die Wet van God. Dat alles saam gevat word in Liefde vir God en ons naaste. Ons Gereformeerdes is baie bekend met die vraag 5 wat sê dat ons nie hierdie wet kan na kom nie as gevolg van die feit dat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat. Daarom gebruik ons dikwels die woorde: Ek is net menslik. Dit is moeilik om nie pad woede te hê nie. Die gees is gewillig maar die vlees! Ons vergeet gerieflikheid onthalwe dat Sondag 3 vraag 8 sê: Ons is tot kwaad geneig BEHALWE as ons deur die **Gees van God weergebore word**. **Johannes 3 vers 5** : Jesus het geantwoord: Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie kan hy nie die koninkryk van God inkom nie. **Rom 8v3** Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen ons wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie maar deur die GEES. Die wat hulle deur die sondige natuur laat beheers hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, die wat hulle deur die Gees laat beheers hou hulle besig met die dinge van die Gees. (Lees ook Romeine 8v 2-12)



Wanneer ons, ons sondes bely. God gehoorsaam met ons hele hart siel en verstand en krag (Luk10v27) Kan ons Skip die hawe verlaat want dan is die fokus weg van ons eie behoeftes maar gefokus op **God en ons naaste se behoeftes.** Wanneer ons die slawe kettings van die sonde breek is ons vry om God met oorgawe te dien. Om Hom te dien is om Hom bo wêreld geskape dinge lief te hê.

# Hoe bely ek my sonde?

Ons kan nie net 'n algemene : Vergewe my sondes gebed bid nie. Ons moet die Heilige Gees vra om ons te wys waar ons oortree. (Rom 9v1) Ons moet dan dit bely. (Jak 5v16) Wanneer jy sondes by hul naam bely sal jy 'n vrede ervaar wat moeilik is om te beskryf. (Gesond wees) Dan is jy werklik vry van daardie sonde. Vul dan die plekkie waar daardie sonde wortel geskiet het met Goddelike gedagtes. (Mat12v44) Veg die versoeking om weer in daardie sonde te verval met die Wapenrusting van God.(Ef 6v11) God het die Israeliete uit die Slawerny van die Egiptenare gered maar dit het 'n lang tyd in die woestyn geneem om ontslae te raak van die slawerny van hul afgode . In die hittige woestyn het hulle harte gebraai tot hul totaal afhanklik was van God. So braai ons harte wanneer ons, ons sondes bely en totaal oorgee aan God. Ons weet Hy maak ons vry maar ons harte verlang na die vleispotte van Egipte. God se daaglikse liefdevolle herinnering deur die Manna die kwartels, die wolk en vuur kolom van Sy versorging redding en teenwoordigheid maak die Israeliete uiteindelik totaal vry. Net so is dit met ons. Hy red ons van die sonde, ons is dankbaar maar verlang na ons ou gewoontes en troos. Wanneer ons dan ons gedagtes, hart en lewe vul met God se teenwoordigheid raak ons totaal afhanklik van God en dus heeltemal vry van die slawe kettings van ons sondige gewoontes.

(Luk10v27)



## Moet ek maandeliks 'n geldelike bydrae maak?

Riglyne oor dankoffers

Geskryf deur Francois Kruger

## ONDERSKEI TUSSEN WORTEL EN VRUG



**Matteus 7:***16 Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry 'n mens dan druiwe aan doringstruike of vye aan dissels? 17 Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 18 'n Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom nie goeie vrugte nie. 19 Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. 20 So sal julle die vals profete dan aan hulle vrugte ken."*

## Begin by die wortel – en nie by die vrug nie.

Swak dankoffers weerspieel in baie gevalle 'n verkeerde gesindheid in die hart (bv. ondankbaarheid, onopregtheid, 'n ontvang-mentaliteit eerder as 'n diensbereidheid, ens.) Hierdie hartsgesteldheid is die **wortel**. As die wortel nie reg is nie is daar nie **vrug** (dankoffer) nie.
As ons tydens huisbesoek net oor **vrugte** praat, sonder die **wortel**, dan kry lidmate die indruk dat dit in hierdie gemeente net oor geld gaan - en dit is nie waar nie. Wortelsake het te doen met lidmate se **hartsgesteldhede**.

**II Kor 8:5** :*"Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil."*
Dit is die wil van die Here dat elke gelowige **homself aan die Here sal gee**, en daarna eers sy geld. 'n Lidmaat sal homself eers aan die Here gee nadat hy besef het wat die Here alles vir hom gegee het. Kyk gerus hoe die Efesiër-brief begin – en ook die 2 Petrus-briewe: dit begin by wat **God vir ons gedoen het** – en **van ons gemaak** het. Iemand wat geen vrugte dra nie verraai een van drie dinge: of hy besef nie wat die Here vir hom gedoen en gegee het nie **(kennis-probleem),** of hy besef dit maar aanvaar dit nie **(geloofs-probleem)**, of hy besef dit en aanvaar dit maar is nie dankbaar daarvoor nie **(gesindheids-probleem).** Laasgenoemde is seker die grofste vorm van ondankbaarheid.

## TOERUSTING

**Die kennis-probleem:** Dikwels is baie lidmate onkundig oor wat die Here sê oor dankoffers. Hulle dink die Here is tevrede as hulle een of twee keer per jaar 'n ietsie gee. Sulke lidmate het dan geen gewetenskwelling nie. Hulle weet nie van beter nie. In so 'n geval gaan **raas** en **slaan** en **verwyt** nie help nie (dit gaan eerder weerstand opwek!). Sulke lidmate moet eerder **toegerus** word:Wys hul uit die Woord wat die Here sê in verband met wortelsake, en daarna oor dankoffers **('n lys Skrifgedeeltes volg).** Onthou: die Here se doel met ampsdraers is dat hulle die gelowiges kan toerus (Efes 4:12). Die woord



**toerusting** beteken letterlik om reg te maak wat stukkend is sodat dit weer kan funksioneer.

**KRY LIDMATE SE PRIORITEITE REG**

Te veel gebeur dit dat brood en botter die eerste prioriteit is. Dit word geregverdig met emosionele uitsprake soos "Ek kan nie dat my kinders honger ly nie! "Dit <u>ís</u> so: die Here het aan ons kinders gegee - met die opdrag en verantwoordelikheid om ons gesinne te onderhou.Maar dieselfde Here het ook gesê dat ons nie moet bekommer oor wat ons gaan eet en aantrek nie - want daaroor bekommer die heidene hulle (kyk Matteus 6:31). Dan sê Hy wat ons enigste prioriteit is: **die Koninkryk van God.** Daarvoor, en vir die wil van God, moet ons ons beywer, ***EN DAN SAL HY OOK ALLE ANDER DINGE VIR ONS BYVOEG.*** **(Matt 6:33).** Baie lidmate maak in hulle begrotingslysie eers voorsiening vir al die rekeninge, paaiemente, ander verpligtinge, ens. en dan (indien daar iets oor is) kom die dankoffer. En dan wonder hulle nog waarom hulle begroting nie wil klop nie! Dit mag baie naïef klink, maar wanneer mens jou dankoffer bo-aan jou lysie plaas, dan gaan jou begroting klop: **die Here sal die res byvoeg.** Daarby gaan jou nuwe ingesteldheid maak dat jou begrotingsposte anders daaruit gaan sien. Kom ons kyk na die volgende Skrifgedeeltes:

**Haggai 1:***9 Julle het 'n groot oes verwag, maar min gekry, en wat julle nog huis toe gebring het, het Ek laat verdwyn. Waarom? vra die Here die Almagtige.* ***Omdat my huis in puin lê, terwyl elkeen van julle hard besig is om aan sy eie huis te werk****. 10 Dit is oor julle dat die hemel sy reën en die aarde sy opbrengs teruggehou het. 11 Ek het droogte laat kom oor die land en oor die berge, oor die koring, die wyn en die olie en oor die opbrengs van die land, oor mens en dier en oor alles waarmee die mens hom besig hou.*

**Maleagi 3:***10* ***Bring*** *die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie* ***die vensters van die hemel vir julle sal***

***oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.***(Let op die woordjie **bring**: dankoffers word nie gaan haal nie – lidmate moet dit self bring.)

**Spreuke 3:9, 10.** *9 Vereer die Here met* ***offerandes uit al wat jy besit*** *en met die beste uit jou oes, 10 dan sal jou* ***skure oorvol*** *wees en jou parskuipe oorloop van die wyn.* Ons hoef ons nie te bekommer oor stoflike dinge nie: die Here sal daarvoor sorg.

**Ps 127:2** *Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap.*

**Spreuke 10:22** ***Dit is die seën van die Here wat rykdom bring; jou geswoeg laat dit nie meer word nie.***

Matt 6:28-30 ***28 En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie.29 30***

***As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?***

**en II Kor 9:7** *Elkeen moet gee soos hy hom* ***in sy hart voorgeneem het****, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.*

## WAAROM IS DANKOFFERS NODIG?

Ons maak dikwels die fout om te dink dat daar genoeg geld in die kerkkas moet wees sodat ons ons verpligtinge kan nakom. En as daar genoeg geld is (selfs al het een lidmaat 'n miljoen rand gegee) dan dink ons: "die doel is bereik! Nou kan ons maar agteroorsit en ontspan! Want die doel van dankoffers is tog dat ons , ons verpligtinge moet kan nakom!"



Hierdie siening bring mee dat ons lidmate gaan bearbei om dankoffers (ook ruim offers) te gee, ongeag hulle gesindheid! En dit mag nie! Dan kan dit gebeur dat al hierdie dankoffers vir die Here nie aanneemlik is nie - en dat Hy dit selfs haat! **Amos 5:***21 Ek* ***haat,*** *Ek* ***verafsku*** *julle feeste, Ek het niks aan julle feestye nie.22 Al bring julle vir My brandoffers en graanoffers, dit is nie vir My aanneemlik nie, en Ek kyk nie eens na julle maaltydoffers van vetgevoerde kalwers nie.****23 Gee pad voor*** *My met die rumoer van jou gesing;Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie! 24 Maar* ***laat die reg en die geregtigheid*** *te voorskyn kom, laat dit aanrol soos* ***watergolwe,soos 'n standhoudende stroom***

Die doel van geldelike dankoffers is om **God te behaag.** Dit kan nie geskied sonder die regte gesindheid in die hart nie.

Die geskiedenis van Kaïn en Abel leer aan ons dat wanneer 'n offer vir die Here gebring word, dit uit 'n **gelowige hart** moet kom. Kaïn én Abel het albei (na die uiterlike geoordeel) baie goeie offers gebring - van die beste! Tog het die Here Kaïn s'n verwerp, want dit was nie in die geloof gebring nie (**Hebreërs 11:4)** en sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag (**Hebreërs 11:6).** Romeine 14:23 leer dat enigiets wat nie uit geloofs-oortuiging gedoen is nie, **sonde is**!

## 'N GEWILLIGE HART:

Dankoffers moet uit **'n gewillige hart** kom. **II Kor 9:7** *"elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief."* Tog bly dit 'n opdrag van die Here, maar 'n opdrag wat met gewilligheid en vrywilligheid nagekom word.**Eksodus 35:***4Moses het ook vir die hele gemeente Israel gesê: "Dit is die opdrag van die Here:5 Julle moet uit julle* ***besittings 'n offergawe vir die Here gee. Elkeen wat vrywillig 'n offergawe vir die Here wil gee, moet dit bring: goud, silwer, brons.****...***I Kronieke 29:9:** *Die volk was bly oor hulle <u>gewilligheid</u>, want hulle het die vrywillige gawes aan die Here met hulle hele hart gegee.*

Lidmate kan nooit deur die kerkraad gedwing word om dankoffers te gee nie. Dwang bring weerstand en 'n negatiewe gesindheid. As ons dankoffers só hanteer dat die gewilligheid, vrywilligheid, bereidheid en lus by lidmate gedemp word, het ons gefaal. Dit gebeur wanneer lidmate gedwing word eerder as gemotiveer word deur toerusting. **(2 Korintiërs 8:8)** *Ek gee nie 'n opdrag nie, maar ek wys julle op die ywer van ander, om daardeur die opregtheid van julle liefde te toets.*

Lidmate moet ook weet dat die Here nie van ons verwag wat ons nie het nie - **2 Kor 8:12:***As die goeie wil daar is en iemand gee volgens **wat hy het**, neem God die gawe aan. Hy verwag **nie van hom wat hy nie** het nie.*

## ONS GEE NIE AAN DIE KERK NIE:

Hoeveel lidmate dink:my dankoffer gee ek vir die Kerk. En dan, as hy kwaad is vir die Kerk (of predikant) dan gee hy nie meer 'n dankoffer nie want so kan hy die Kerk terugkry. Dit is 'n dwaling om te dink dat ons aan die Kerk (of kerkraad) dankoffers gee.Ons gee bydraes vir **die Here** en vir niemand anders nie. Dis 'n offer vir die Here! **(I Kronieke 29:17).***Ek het in opregtheid van hart al hierdie gawes gebring en nou het ek met vreugde gesien hoe hierdie volk wat hier teenwoordig is, sy gawes aan U bring. Here, God van ons voorvaders, Abraham, Isak en Jakob, behou tog vir altyd hierdie gesindheid in die gemoed van u volk. **Rig hulle hart op U.*** Voordat daar oor dankoffers gepraat kan word, moet daar eers gepraat word oor **harte wat op God gerig moet wees**. Dan sal die dankoffers ook vir HOM gebring word.

**PRAKTIESE SAKE:**

Dit is 'n skande as ouderlinge lidmate se dankoffers moet gaan haal by hulle huise. As mens vir iemand 'n geskenk gee dan neem jy dit tog vir hom - jy sit nie en wag totdat hy dit kom haal nie. Die **bring** van 'n dankoffer na die kerkgebou, is deel van dankbetoning (Maleagi 3:10).



Die kerkraad kan 'n riglyn aanlê, maar die riglyn mag nooit 'n wet wees nie. "Hoeveel vra die Here van ons? 5% of 10% - en is dit voor of na belasting?" Die Here vra van ons: **onsself met alles wat ons het - Rom 12:1:***En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee **julleself** aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.* Al ons besittings behoort elk geval aan die Here **- I Kron 29:14,15**: *14 want wie is ek en wie is my volk dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring? Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het. 15 Net soos al ons voorvaders is ons by U sonder reg of aanspraak. Ons tyd op aarde is soos 'n skaduwee, dit gaan verby.*.

Lidmate gee soveel as wat hulle nodig ag om hulle dankbaarheid te weerspieel. Hulle gee ook na vermoë. Totius het gesê dat 'n tiende verkieslik is, waarvan lidmate helfte aan die Here gee vir instandhouding van die erediens. Die ander helfte wend hulle in stilte aan vir bv. sendingwerk, Bybelverspreiging, liefdesdiens, ens.

Wanneer 'n lidmaat se geldliefde sy gesindheid beheer, gaan daar 'n probleem met dankoffers wees. Paulus waarsku in **I Tim 6** :*10 Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal. 11 Maar jy, man van God, moet van hierdie dinge af wegvlug. Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid.* Matt 6:24:*Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.*

**Hou in gedagte dat mens moeilik 'n afgod kan maak van iets wat jy weggee!**

## SKRIFGEDEELTES WAT OOR BYDRAES HANDEL

| | |
|---|---|
| Eks 25:1-9 | - 'n Opdrag van die Here. |
| Eks 35:4-9 | - Die opdrag kanselleer nie die vrywilligheid nie. |
| Eks 36:2-7 | - Oorvloed. |
| Lev 27:30-33 | - Tiendes en eerstelinge. |
| I Kron 28 en 29 | - Gawes vir die tempel. Dawid gee al sy besittings vir die Here (belangrike gedeelte). |
| Psalm 127:2 | - God gee stoflike dinge. |
| Spreuke 3:9 | - Eerstelinge (1933-vertaling) |
| Spreuke 10:22 | - Die Here gee rykdom (ons harde werk bring nie rykdom nie). |
| Haggai 1:1-11 | - Offers aan die Here bring voorspoed en vice versa. |
| Maleagi 1 | - Gebrekkige offers, veral vss. 6-8, 10. |
| Maleagi 3 | - om die Here te beroof. Veral vss. 8 en 10. |
| Matt 6:25-34 | - Prioriteite. |
| Rom 12:1 | - Wat ons moet offer. |
| II Kor 8 en 9 | - Gesindhede (belangrike gedeeltes) |
| Hebr 11:4 | - offer in geloof. |



**Make me a TV**

A Primary School teacher asked her pupils to write an essway on “A wish you want from God” at the end of the day, the teacher collected all the essays given by her pupils. She took them to her huse sat down and started markin while marking the essays she sees a strange essay written by on of her pupils. That essay made her very emotional. Her husband come and sat beside3 her and saw her crying

A Primary School teacher asked her students to write an essay on “ A wish you want from God” . She took the essays to her home and wile she start marking it she sees a strange essay. That essay made her very emotional. Her husband came and sat beside her and saw her crying. The husband asked her:

“What happened? Wat’s making you cry?

She answered: Read this, it is one of my studends essay.

“ O God make me a television. I want to live like the TV in my house.

In my house the Tv is very valuble. All of my family members sit around it. They ar very interested in it, whe the Tv is talking my parents listen to it very happily. They don’t shout at the TV, They don’t quarrel with the TV . They don’t slap the Tv.

So I want to become a Tv. The Tv is the centre of attraction in my house. I want to receive the same special care that the TV receives from my parents. Even when its not working the TV has a lot of value. When my dad and mom come home the immediately sit in front of the TV switch it on and spend hours watching it. The Tv’s stealing the time of my dad and mom.

If I become a TV , they will spend their time with me. While watching the TV, my parents laugh a lot and they smile many times. But I want my parents to smile and laugh with me also. So please God make me a Tv.

And last but not the least, if I become a TV surely I can make my parents happy, and entertain them. Lord I wont ask you for anything more. I just want to live like a Tv. Please turn me into a Tv.

The husband completed reading the essay. He said:

Poor kid. He feels lonely. He did not receive enough love and care from his parents. His parents are horrible. The eyes of the primary school teacher filled with tears.She looked at her husband and said: Our son wrote this essay.





## Kerklike betrokkenheid by omgewingsake

Aan alle kerkrade van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Gesien die noodsaak om ons kerke op te skerp rakende ons verhouding tot God se skeppingswerk, het die Algemene Sinode van 2018 met groot instemming besluit om weer Deputate vir Omgewingsake met 'n omvattende opdrag te benoem. U as kerkraad se samewerking om met verskeie aksies lidmate meer bewus van 'n omgewingsvriendelike lewenstyl te maak, sal waardeer word. Ons sal gereeld met u op een of ander wyse hieroor skakel asook om elektroniese hulpmiddels te ontwikkel.

Aangeheg is 'n pakket omgewingsbrokkies wat elk weekliks in u gemeente se nuusbrief geplaas kan word, ten einde lidmate 'n leefbare omgewing tot God se eer volhoubaar te laat nastreef.
Dr Pieter (Peet) van der Walt 084 4445556
Koördineerder : Deputate Omgewingsake

## Omgewingsake 1

Daar is maar één regte gebruik vir alles in die lewe. Om iets lekkers in oordaad te gebruik, verloor jy die waarde daarvan as straf vir 'n ingesteldheid tot misbruik. Bedagsaamheid en selfbeheersing is nodig om na nog meer sinvolle lewenswaardes te verlang.

Weet ook dat daar nie net stoflike brassery is nie maar ook van die onsienlike geestelike. 'n Dweper verloor gou die waarde van godsdiens weens die misbruik daarvan.

Beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie (Rom 13 : 14). 'n Versadigde

siel vertrap die heuningstroop, maar vir 'n hongerige siel is alles wat bitter is, soet (Spr 27 : 7).

## Omgewingsake 2

Waardeer en beplan beter jou kosverbruik want elke huis dra 5% tot kosvermorsing by. Hopelik 'n aparte deel van jou jaarlikse 480 kg oorblyfsel bydrae tot SA se rugbyveldgroot afvalhoop wat 3.25 km die lug in strek.

Genadig werk ons interne suiweraars darem perfek. Geen wonder dan dat die mens se niere as setel van filtrasie (Jer 20 : 12) ook so hoog in ons gevoelslewe (Ps 26 : 2, Ps 16 : 7) aangeslaan word. Hoogs gespesialiseerd en volmaak in struktuur en funksie kan dit nie laks word om ons bloed gedurig 99% reg vir hergebruik te suiwer nie.

Ons is duur gekoop (1 Kor 6 : 20) en moet God deur ons liggaam en manier van lewe verheerlik.

## Omgewingsake 3

Besoedeling en herwinning. Amperse eweknie van ons heersersopdrag (Gen 2 : 15) benut en bewaar. Al klink dit onvanpas (God is goed) - God openbaar Hom nie net in die mooie en goeie nie maar ook in die lelike en die slegte. Wat wil God hierdeur vir ons openbaar ?

Sien dit raak soos Paulus as lewende getuie dié konsep van God se genadewerk aangewend het om sy lewe in iets van onskatbare waarde te omskep. Laat dus nie toe dat wankelende gesindhede in u lewe tot 'n rommelhoop van chaos vergaar nie.



Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat hom liefhet (Rom 8 : 28).

## Omgewingsake 4

Ons as mens se diepste emosionele belewenisse of gemoed kan so ingewikkeld wees omdat ons dit in swakheid en menslike denke wil verklaar. Tog is dit so eenvoudig omdat ons totale bestaan in God se hand is. Hy gebruik nie net die Skrif nie, maar ook die natuur om perspektief, begrip en nugterheid in ons lewe te bring. 'n Toonbeeld van balans, oorvloed en vreugde, maar ook die werklikheid van honger en swaarkry.

'Die byl lê al klaar teen die wortel van die bome. Elke boom wat nie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.' Matt 3 : 10. Klaar, getuig van God se erns met die gerig

Lê, spreek van sy genadige lankmoedigheid



# Skip Koerant

## Gemeente nuus

Ds. Dirk se uitreik na Regorogile

Ds Dirk en Tannie Ronél besoek weer die Gereformeerde Kerk Ysterberg. Die gemeente samel nou geld in om die kerk se mure tot heel bo te bou en daarna die binne vertrekke. 'n Preekstoel/liturgiese ruimte en sitplek banke word daarna beoog asook die binne-afwerking van die mure. Intussen word met vreugde en dankbaarheid dit wat reeds beskikbaar is (veral met die komende winter op hande), benut en geniet! Tannie Ronél oorhandig ‘n paar warm truie wat deur ‘n suster in die gemeente geskenk is.





**Koekies bak vir Doppermark**

Ons is baie dankbaar vir die goeie gees van elke een wat werk aan die Doppermark. Die dames het hard gewerk aan die koekies bak. Ons is dankbaar en verras vir die wonderlike opkoms. Ons hoop om dieselfde ywerige en positiewe gees by die vleiswerk hierdie week te sien. Dank die Here vir gewillige hande en gewillige harte.









# Nuus uit die gemeente

## *Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:*

- Marthie Erasmus - 83 jaar - **24 Mei** - 082 927 5140
- Hannetjie du Plessis - 83 jaar - **27 Mei** - 071 502 3170
- Cor Erasmus - 92 jaar - **27 Mei** - 063 462 7381
- Anna Scheepers - 92 jaar - **2 Julie** - 083 459 2952
- Chris Ehlers - 89 jaar **- 9 Augustus** - 060 399 5747
- Cielie van der Linde - 83 jaar - **10 Augustus** - 082 298 0873






**GKSA NUUSBROKKIES (Admin Buro)**

**Gelukwense aan**

Dr. Alet van Rhyn, eggenote van dr HPM van Rhyn (Malan) van GK Pretoria-Noord, met die verwerwing van haar PhD-graad in Opvoedkundige Sielkunde aan die UFS.

Haar proefskrif handel oor: "*Literacy development and self-concept of English second language learners: An exploratory study*". Die studie toon die belangrikheid van moedertaalonderrig aan vir optimale vordering in geletterdheid op skool.

# Attestate

## Hartlik welkom aan nuwe intrekkers



***Met attes aangesluit***

- Br. Jacobus Marthinus (noem Jaco) Lombaard en egg. Sr. Monique gebore Barnard en 1 dooplidmaat Ruben Jacobus, vanaf GK Matlabas, wyk Swartklip.
- Sr. Sophia Maria (noem Sofi) Oosthuizen gebore Van der Gryp, vanaf GK Waterkloofrand, wyk Leeubosch/Môredou.
- Br. Pieter Gert Wessel (noem Pieter) Roets, van GK Witrivier, wyk Florapark.
- Br. Wouter Schalk Siegfried (noem Wouter) Roets van GK Witrivier, wyk Florapark.

***Opgeneem***

- Sr. Robin Marais, wyk Koedoeskop.

# In Herinnering

## *Maria Elizabeth Venter gebore Bester*

***07/08/1948 ~ 02/04/2018***



Ria is op 7 Augustus 1948 in Swartruggens gebore. Sy was die sesde kind van nege. Ek het haar op haar suster en my broer se verlowing ontmoet op 1 Junie 1974 is ons getroud . Die oudste kind is op 30 April 1975 gebore. Daar is vier kinders uit hierdie huwelik gebore waarvan die jongste op 17 Augustus 1981 gebore is. Vandat ons getroud is was Ria huisvrou. Die afgelope 25 jaar het sy asma gehad waarvoor sy behandel is. Gedurende Desember 2016 het sy 'n kniegoperasie ondergaan wat haar ook aan 'n rolstoel gekoppel het. Op 27 Augustus 2015 is ons seun Paul oorlede wat ook bygdra het dat die asma vererger het. Op 2 April 2018 het sy my om 12.30 wakker gemaak en kon sy nie asem kry met behandeling en suurstof nie en is sy 1:30 oorlede.

Ons as eggenoot, kinders en kleinkinders sal haar onthou vir iemand wat maklik met enige persoon kon gesels, lief was vir haar familie en lief was om te hekel dat sy selfs die dag voor haar dood nog gehekel het. Ons dank ons Hemelse Vader vir 'n huwelik van 44 jaar wat ons saam en met kinders en kleinkinders kon deel.



## DIAKONIE

As gelowiges is ons een in Christus en bewys ons onderlinge liefde aan mekaar. Dit is met dankbaarheid aan God en die liefde wat Hy aan ons betoon, wat ons mekaar moet ondersteun en bystaan.

Wanneer gelowiges in die geloofsgemeenskap 'n liefdesdaad of diens aan sy medemens betoon, nie net omdat dit 'n Goddelike opdrag is nie maar, die begeerte wat deur God in ons harte geplaas het, betoon ons barmhartigheid aan mekaar, en bou ons die liggaam van Christus. Dit is as te ware die roeping van die Diakonie, asook van elke lidmaat in die gemeente.

Dit is met groot dankbaarheid aan ons hemelse Vader, dat die Diakonie, deur die liefdesgawes wat uit die gemeente kom, in staat is om medegelowiges te kan bystaan en sal voort gaan om ons medegelowiges te ondersteun, daadwerklike liefde teenoor ons medegelowiges en alle mense te bewys en deur elkeen te besoek, sorg te dra dat nie een deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie.

**Hier volgens 'n kort opsomming van die Diakonie se finansies vanaf 1 Februarie 2018 - 30 April 2018**

| | | |
|---|---|---|
| Liefdesgawes ontvang | - | R 42,807.70 |
| Hulp verleen | - | R 41,843.83 |
| Vaste uitgawes (deurlopende hulp) | - | R 41,310.00 |
| Tjek rekening saldo 30 April 2018 | - | R 35,288.68 |

Ten slotte - enige geldelike bydra tot die Diakonie se fondse gaan 'n groot verskil maak in baie mense se lewens, en juis die mense wat dit die meeste benodig. Skenkings aan die Diakonie word met oorleg en liefde aangewend om ons gemeente se mense by te staan in tye van nood.

**Diakonie Gereformeerde Kerk Thabazimbi**
**Absa Thabazimbi Tjekrekening (334-346) 1580 280 001**

# Kreatiewe waters

### Skippies vir partytjies


Speel bietjie met idees rond en maak ‘n vervelige partytjie of ete spesiaal met eenvoudige kos wat met min moeite in iets besonders verander word.

Gee vir elke gas sy eie papier skippie geval met sout vis koekies.Sit ‘n stukkie groen geel of rooi russie in n driehoek bo op n gevulde eier en maak n seil bootjie. Vul ‘n eier met tuna en gebruik ‘n tortilla skyfie vir n vlag. Maak n glas met blou jellie en gebruik n lemoen skyfie met n vlaggie vir n bootjie binne in die glas.










# Maak jou eie papier skip








**Advertensie**

Adverteer jou besigheid nou in die Ramshoring!

Bereik die hele Thabazimbi, Northam en Dwaalboom gemeente wanneer jy jou besigheid adverteer in die Ramshoring.

Die fondse word gebruik om die Ramshoring se druk kostes te delg.

R200 vir hierdie grootte Advertensie per uitgawe. Bespreek nou vir Volgende uitgawe en betaal net R350 vir plasing in die volgende 2 uitgawes!